

ERFREGTELIKE ONWAARDIGHEID: ENIGE LESSE TE LEER VIR DIE SUID-AFRIKAANSE REG UIT DIE NEDERLANDSE REG?

François du Toit
BA LLB LLM LLD
Professor, Universiteit van Wes-Kaapland*

1 Inleiding

Die grondreëls van die Nederlandse erfreg is gekodifiseer in Boek 4 van die (Nuwe) Burgerlike Wetboek (“BW”) wat op 1 Januarie 2003 in werking getree het. Die *nuuwe erfrecht*, soos dikwels daarna verwys word,¹ het die erfreg vervang wat sedert 1838 ingevolge Titels 11 tot 17 van Boek 3 van die vorige BW gegeld het, welke reëls grotendeels aan die Franse *Code Civil* ontleen is.² Boek 4 BW het talle ingrypende veranderings teweeggebring ten opsigte van die erfreg soos dit sedert 1838 gegeld het en inderdaad die Nederlandse erfreg tot ’n groot mate vernuwe. Boek 4 BW het Nederlandse howe, regsrywers en notaris egter voor talle nuwe interpretasie- en toepassingsuitdagings gestel.³ Die wyse waarop hierdie uitdagings die hoof gebied word, open die deur tot insiggewende regsvergelikende studie aangesien soortgelyke kwessies ook in die Suid-Afrikaanse erfreg voorhande is. ’n Bestudering van Boek 4 BW bring egter ook nuwe perspektiewe ten aansien van sekere geëkte vraagstukke in die Suid-Afrikaanse erfreg, asook ten opsigte van kwessies wat in die toekoms uitdagings binne die Suid-Afrikaanse konteks mag stel.

In hierdie bydrae neem ek erfregtelike onwaardigheid onder die loep aan die hand van die vraag of die Suid-Afrikaanse erfreg kan baat by ’n kritiese beskouing van die wyse waarop dié aangeleentheid tans in die BW gereguleer en in Nederlandse jurisprudentie hanteer word. Ek doen ’n positiewe antwoord op hierdie vraag aan die hand deur enkele kwessies ten opsigte van erfregtelike onwaardigheid uit te lig wat uitdagings aan Nederlandse sowel as Suid-Afrikaanse howe en regsrywers bied. Ek stel oplossings ten aansien

* Die navorsing vir hierdie artikel is hoofsaaklik gedoen by die Departement Privaatreg en Notariële Reg van die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Ryksuniversiteit van Groningen met ’n beurs toegeken deur die COIMBRA Groep. Ek spreek my opregte dank uit teenoor Prof Dr Wilbert Kolkman, my gasheer by die Departement Privaatreg en Notariële Reg aan die Ryksuniversiteit van Groningen, vir sy waardevolle hulp, raad en bystand ten opsigte van die navorsingsprojek. Ek bedank ook die COIMBRA Groep vir die kort-verblyf beurs aan my toegeken, waarmee ek twee-en-n-half verrykende maande aan die Ryksuniversiteit van Groningen kon deurbring. Die menings in hierdie artikel uitgespreek, is my eie en moet nie aan enige van voorgenoemde partye toegeskryf word nie.

¹ MJA van Mourik, LCA Verstappen, BMEM Schols, FWJM Schols & MCB Waaijer *Handboek Nieuw Erfrecht* 3 uitg (2002) 1.

² G van der Burght & EWJ Ebben *Pitlo Het Nederlands Burgerlijk Recht: Erfrecht* 10 uitg (2004) 7.

³ Sien byvoorbeeld P Blokland “Een Evaluatie van het Versterferrecht (en enige kanttekeningen met betrekking tot andere wettelijke rechten en uiterste wilsbeschikkingen)” in P Blokland, BMEM Schols, TJ Mellema-Kranenburg, AHN Stollenwerck & E van den Brink-Baggerman *Nieuw Erfrecht in de Praktijk: Een Evaluatie* (2006) 21-24.

van sekere geskilpunte met betrekking tot erfregtelike onwaardigheid in Suid-Afrikaanse verband voor deur ooreenstemmende tendense in die Nederlandse reg te ontleed.

2 Erfregtelike onwaardigheid in die Suid-Afrikaanse reg: Algemene beginsels

'n Onwaardige persoon (*indignus*) word ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse erfreg geheel en al van erfopvolging uitgesluit. Die grondslag van erfregtelike onwaardigheid is daarin geleë dat bevoordeling van 'n onwaardige erfopvolger teen openbare-beleidsnorme indruis, asook in die algemene beginsel dat geeneen voordeel uit eie onregmatige optrede mag trek nie of andersins bevoordeel mag word nie uit gedrag wat strafbaar is.⁴ Indien met 'n breër kwas gevef word, kan gestel word dat erfregtelike onwaardigheid volg op verfoeilike gedrag teenoor 'n erflater, ten gevolge waarvan die dader ooreenkomstig heersende fatsoenlikheidsnorme onwaardig is om erfregtelike bevoordeling te ontvang.⁵ Erfregtelike onwaardigheid tref ingevolge die Suid-Afrikaanse reg bevoordeling ingevolge die testate sowel as die intestate erfreg.⁶ Geen *numerus clausus* van onwaardigheidsgronde bestaan nie en 'n Suid-Afrikaanse hof kan op openbare-beleidsgrondslag onwaardigheid bevind buite die bekende onwaardigheidsgronde wat met verloop van tyd as geyk aangemerkt is.⁷ Laasgenoemde onwaardigheidsgronde sluit in:

- die persoon wat die erflater vermoor het, ingevolge die gemeenregtelike reël *de bloedige hand neemt geen erffenis*;⁸
- die persoon wat die erflater op nalatige wyse gedood het indien openbare beleid sodanige onwaardigheid aan die orde stel (by uitstek indien die doodsverooraker op moreel blaamwaardige wyse gehandel het),⁹ ingevolge die gemeenregtelike reël *de bloedige hand neemt geen erffenis*;¹⁰
- die persoon wat een of meerdere van die erflater se *conjunctissimae personae* (persone wat in die allernouste verhouding tot die erflater staan) vermoor het, ten grondslag waarvan die algemene gemeenregtelike reël *quoniam injurie testatorem affecit, indignus videtur eiusdem hereditate aangevoer* kan word;¹¹

⁴ *Leeb v Leeb* 1999 2 All SA 588 (N) 592g, 594e; MM Corbett, G Hofmeyr & E Kahn *The Law of Succession in South Africa* 2 uitg (2001) 81.

⁵ JC Sonnekus "Onwaardigheid vir Erfopvolging én Versekeringsbegunstigting" (2010) *TSAR* 175 175-177.

⁶ Corbett et al *Law of Succession* 81.

⁷ *Pillay v Nagan* 2001 1 SA 410 (D) 424H-425B; *Danielz NO v De Wet* 2009 6 SA 42 (C) 50D.

⁸ *D* 34 9; De Groot *Inl* 2 24 24, 2 28 42, 34 9 6; *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T) 748A-B.

⁹ JC van der Walt & JC Sonnekus "Die Nalatige Bloedige Hand – Neem dit 'Erffenis'?" (1981) *TSAR* 30; JC van der Walt & JC Sonnekus "Die Nalatige Bloedige Hand – Voor die Hof én die Wetgewer" (1992) *TSAR* 147.

¹⁰ Voet 34 9 6; *Casey NO v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510F-G.

¹¹ *D* 49 14 9; Mattheus *De Crim* 48 5 cap 4 7; Mattheus *Paroemiae* 6 6, 6 8; *Ex parte Steenkamp and Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T) 749H-750A. *In casu* het die hof slegs 'n erflater se eggenoot, ouers en kinders as *conjunctissimae personae* aangemerkt (750A, 752A-C), maar toegegee dat dié groep in uitsonderlike gevalle uitgebrei kan word (752B).

- die persoon wat die erflater om die lewe gebring het, ook ingevolge die algemene regsbeginsel dat 'n persoon nie uit eie onregmatige gedrag voordeel mag trek of verryk mag word nie;¹² en
- die persoon wat in die algemeen op uiters verwerplike wyse teenoor die erflater opgetree het.¹³

'n Onderskeid bestaan tussen bogenoemde gevalle van erfregtelike onwaardigheid, enersyds, en gevalle waar 'n erfopvolger gediskwalifiseer word om erfregtelike bevoordeling te ontvang, andersyds. Laasgenoemde omvat 'n breër kategorie uitsluitings van erfregtelike bevoordeling, byvoorbeeld die persoon wat testamentêre bevoordeling vir homself verseker het deur dwang (*metus*) of onbehoorlike beïnvloeding op 'n testateur uit te oefen (in welke geval daar geen vrye wilsuiting deur die testateur bestaan nie en die betrokke testamentêre beskikking tot ongeldigheid verdoem word),¹⁴ asook diegene wat vanweë hul deelname aan die verlyding van 'n testament ingevolge artikel 4A van die Wet op Testamente 7 van 1953 van testamentêre bevoordeling ingevolge sodanige testament uitgesluit word. Sodanige persone word nie as onwaardig *strictu sensu* gereken nie, maar word op ander regsgronde van erfregtelike bevoordeling uitgesluit.

3 Erfregtelike onwaardigheid in die Nederlandse reg ingevolge die BW

Die bepalinge ten opsigte van erfregtelike onwaardigheid verskyn in Boek 4, Titel 1 (Algemene bepalinge), Artikel 3 van die BW. Die Nederlandse teks lui soos volg:¹⁵

1. Van rechtswege zijn onwaardig om uit een nalatenschap voordeel te trekken:
 - a. hij die onherroepelijk veroordeeld is ter zake dat hij de overledene heeft omgebracht, heeft getracht hem om te brengen, dat feit heeft voorbereid of daaraan heeft deelgenomen;
 - b. hij die onherroepelijk veroordeeld is wegens een opzettelijk tegen de erflater gepleegd misdrijf waarop naar de Nederlandse wettelijke omschrijving een vrijheidsstraf is gesteld met een maximum van ten minste vier jaren, dan wel wegens poging tot, voorbereiding van, of deelneming aan een dergelijk misdrijf;
 - c. hij van wie bij onherroepelijke rechterlijke uitspraak is vasgesteld dat hij tegen de erflater lasterlijk een beschuldiging van een misdrijf heeft ingebracht, waarop naar de Nederlandse wettelijke omschrijving een vrijheidsstraf met een maximum van ten minste vier jaren is gesteld;
 - d. hij die de overledene door een feitelijkheid of door bedreiging met een feitelijkheid heeft gedwongen of belet een uiterste wilsbeschikking te maken;
 - e. hij die de uiterste wil van de overledene heeft verduisterd, vernietigd of vervalst.
2. Rechten door derden te goeder trouw verkregen voordat de onwaardigheid is vasgesteld, worden geëerbiedigd. In geval echter de goederen om niet zijn verkregen, kan de rechter aan de

¹² D 24 3 10 1; D 47 2 12 1; Corbett et al *Law of Succession* 83.

¹³ *Taylor v Pim* 1903 24 NLR 484. Uiteraard verander fatsoenlikheidsnorme met verloop van tyd en Sonnekus (2010) *TSAR* 176 bevrageeteken tereg of die gedrag van die skarminkel in die *Taylor*-saak, wat die aanvuur van 'n dame se lus na alkoholiese drank ingesluit het, vandag steeds tot erfregtelike onwaardigheid sal lei. Sien ook *Leeb v Leeb* 1999 2 All SA 588 (N) 591i.

¹⁴ *Spies NO v Smith* 1957 1 SA 539 (A) 545F-548A.

¹⁵ Geneem uit WD Kolkman, BE Reinhartz, LCA Verstappen & IJFA van Vijfeijken *Erfrecht Relativvermogensrecht: Tekst & Commentaar* 3 uitg (2010) 4-5.

rechthebbenden, en ten laste van hem die daardoor voordeel heeft genoten, een naar billijkheid te bepalen vergoeding toekennen.¹⁶

3. Een onwaardigheid vervalt, wanneer de erflater aan de onwaardige op ondubbelzinnige wijze zijn gedraging heeft vergeven.”

Bogaande onwaardigheidsbepalings het weggedoen met die afsonderlike onwaardigheidsreëls wat ingevolge die vorige BW vir intestate vererwing¹⁷ en testate vererwing¹⁸ gegeld het. Hierbenewens het bogaande bepaling nuwe onwaardigheidsreëlings ingevoer: die onwaardigheidsgrond in artikel 4:3:1b BW, die reëling ten opsigte van derdebeskerming in artikel 4:3:2 BW en die “vergifnisbepaling” in artikel 4:3:3 BW is almal nuutskeppings.¹⁹

Tempelaar verduidelik die grondslag van die onwaardigheidskonsep soos dit ingevolge die BW geld, soos volg:

“[Dit] blijkt ... dat onwaardigheid gebaseerd is op het algemeen rechtsbeginsel dat men niet behoort te profiteren van een begunstiging welke het gevolg is van het leed dat men de begunstiger met opzet aandoet enerzijds, en de eisen van redelijkheid en billijkheid anderzijds.”²⁰

Die volgende algemene kwessies rakende bogenoemde bepaling word allerweë as onproblematies in die Nederlandse reg aanvaar:

- onwaardigheid ooreenkomstig artikel 4:3 BW geld vir die intestate sowel as die testate erfreg;²¹
- die bepaling rakende onwaardigheid is gefundeer op die openbare orde en geniet derhalwe werking *ex lege* sodat ’n regter dié bepaling ampshalwe sal toepas;²² en
- nie alleen erfgename word deur onwaardigheid getref nie, maar ook, onder andere, legatarisse en diegene wat onder ’n testamentêre lasbepaling bevoordeel is,²³ asook legitimarisse (aanspraakmakers op legitieme porsies)²⁴ en enigeeen wat as eksekuteur benoem is.²⁵

Die BW belet ’n testateur om ’n uiterste wilsbesikking ten gunste van bepaalde uitgeslote persone te maak. Sodanige persone is, onder andere, die testateur se voog,²⁶ die leermeester van ’n minderjarige testateur by wie dié testateur ingewoon het,²⁷ ’n beroepsbeoefenaar op die gebied van individuele versorging wat ’n testateur tydens terminale siekte bygestaan het,²⁸ en die versorger of verpleër aan ’n inrigting vir bejaardes of geestelik onvermoënde persone ingevolge ’n testament wat gedurende ’n testateur se verblyf in

¹⁶ Ten einde die bespreking bondig te hou, word hierdie sogenaamde “derdenbeskermingsbepaling” nie in hierdie bydrae onder die loep geneem nie. Sien in hierdie verband Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 30; S Perrick *Erfrecht en Schenking* 14 uitg (2009) 20-21.

¹⁷ Art 4:885 BW.

¹⁸ Art 4:959 BW.

¹⁹ WR Meijer *Tekst en Toelichting Nieuw Erfrecht* (2003) 18.

²⁰ JM Tempelaar “Het Familiedrama en Onwaardigheid” (2010) 6865 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 862 863.

²¹ G van der Burght & MR Kremer (reds) *Erfrecht* (HD 4 2005) Art 3-2 - 3-6.

²² Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Art 3-2 - 3-6.

²³ MJA van Mourik *Nieuw Erfrecht* 2 uitg (2000) 16; Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Art 3-2 - 3-6.

²⁴ Perrick *Erfrecht en Schenking* 17.

²⁵ Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 25.

²⁶ Art 4:57:1 BW.

²⁷ Art 4:58 BW.

²⁸ Art 4:59:1 BW.

sodanige inrigting gemaak is.²⁹ Testamentêre beskikkings in stryd met hierdie beletsels is egter nie nietig nie, maar vernietigbaar tot voordeel van diegene wat hul op 'n vernietigingsgrond beroep.³⁰ Hierdie beletsels het ten doel uitskakeling van onbehoorlike beïnvloeding van 'n testateur langs die weg van die besondere verhouding wat tussen die testateur en genoemde persone bestaan.³¹ Voorgenoemde gevalle word op tweeledige wyse van onwaardigheid ingevolge artikel 4:3:1 BW onderskei. Eerstens geniet onwaardigheid van regsweë werking ten aansien van die testate sowel as die intestate erfreg, terwyl voorgenoemde gevalle uiteraard slegs ten aansien van die testate erfreg geld. Tweedens ondersteun erfregtelike onwaardigheid die bedoeling van 'n erflater omdat 'n erflater klaarblyklik nie begunstiging van die onwaardige erfopvolger sou wou hê nie. Die erfregtelike onbevoegdheid wat ten gevolge van artikel 4:57 BW en daaropvolgende artikels ontstaan, verskil daarenteen lynreg van die uitgesproke wense van die erflater, maar vernietigbaarheid volg omdat uitvoering van die erflater se wense in stryd geag word met die algemene belang of die belang van bepaalde persone.³²

4 Moord op die erflater as onwaardigheidsgrond ingevolge artikel 4:3:1 BW³³

Artikel 4:3:1 BW handel slegs met doodsveroorsaking langs die weg van die opsetlike misdrywe “tegen het leven gericht” soos uiteengesit in artikel 287 en verder van die Wetboek van Strafrege (Wet van 3 Maart 1881) (“Sr”), maar nie met die sogenaamde “culpose misdrijven” van artikel 307 Sr en verder nie – laasgenoemde handel met gevalle waar die dood van 'n ander sonder opset veroorsaak is.³⁴

Die Nederlandse reg verskil oënskynlik in hierdie verband van haar Suid-Afrikaanse eweknie wat, soos reeds getoon,³⁵ wel erfregtelike onwaardigheid ten gevolge van nalatige doodsveroorsaking in sommige gevalle erken. Van Dijk³⁶ wys egter daarop dat die opsetsbegrip in die Nederlandse reg besonder ruim is en dat wat ingevolge die Amerikaanse reg as “negligence” aangemerck

²⁹ Art 4:59:2 BW.

³⁰ Art 4:62:1 BW. Die BW stel die beletsels teen bevoordeling van uitgeslote persone dikwels in voorskriftelike terme (sien, byvoorbeeld, art 4:57:1 BW). Desnieteenstaande is bemakings in stryd met hierdie uitdruklike voorskrifte nie nietig nie, maar bloot vernietigbaar. Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 226 merk voorgaande tereg as 'n teenstrydigheid aan.

³¹ Perrick *Erfrecht en Schenking* 228.

³² EAA Luijten & WR Meijer *Huweljksgoederen- en Erfrecht* 12 uitg (2008) 9.

³³ Die ander onwaardigheidsgronde in art 4:3:1 BW gelys, word, eweneens ten einde bondigheid te verseker, nie hier bespreek nie. Sien in hierdie verband Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 27-29; Perrick *Erfrecht en Schenking* 18-20; Luijten & Meijer *Huweljksgoederen- en Erfrecht* 9-13.

³⁴ Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 27. Sien ook MJA van Mourik “Rechtsvragenrubriek” (2004) 6593 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 796.

³⁵ Sien 2.

³⁶ AA van Dijk *Strafrechtelijke Aansprakelijkheid Heroverwogen* (2008) 239-240.

word, in bepaalde omstandighede in Nederland as opset tipeer word.³⁷ Die moontlikheid kan derhalwe nie heeltemal uitgesluit word nie dat 'n geval soortgelyk aan *Casey NO v The Master*³⁸ in die Nederlandse reg ook tot erfregtelike onwaardigheid sal lei. Vir dié doel sou 'n Nederlandse hof by wyse van regsvergelykende ondersoek na tersaaklike Suid-Afrikaanse gesag kon verwys.

Hierbenewens het artikel 4:3:1 BW slegs betrekking op opsetlike doding van die erflater en nie, soos in die Suid-Afrikaanse reg,³⁹ ook op moord op 'n *conjunctissimus* van die erflater nie. Dit is egter interessant dat artikel 4:62:2 BW wilsbeskikkings in stryd met die bepalings van artikels 4:57 – 4:61 BW (wat, soos hierbo getoon,⁴⁰ wilsbeskikkings ten gunste van sekere uitgeslote persone belet) as vernietigbaar aanmerk ook indien sodanige beskikkings ten gunste van sogenaamde “tussenbeidekomende persone” gedoen is. Artikel 4:62:3 BW bepaal dat die vader en moeder, afstammeling en eggenoot van 'n uitgeslote persoon as tussenbeidekomende persone geag word. Dit is na my mening anomalies om, enersyds, wilsbeskikkings ten gunste van tussenbeidekomende persone as vernietigbaar aan te merk, maar, andersyds, nie moord op sodanige persone uitdruklik as 'n grond vir erfregtelike onwaardigheid neer te lê nie.⁴¹ Dit kom my voor asof die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike posisie beter met die algemene regsgevoel ten opsigte van erfregtelike onwaardigheid strook as haar gekodifiseerde Nederlandse eweknie deurdat die opsetlike doding van 'n *conjunctissimus* van 'n erflater wel in die Suid-Afrikaanse reg as 'n gemeenregtelike onwaardighedsgrond aangemerkt word.

Desnieteenstaande word redelikheds- en billikheidsoorwegings somtyds deur Nederlandse howe gebruik om sodanige regsgevoel te bevredig. So het die Hof te Amsterdam⁴² byvoorbeeld (weliswaar ingevolge die vorige BW) beslis dat redelikheid en billikheid voorskryf dat 'n seun wat beide sy ouers vermoor het inderdaad onwaardig is om van sy grootouers te erf. Hierdie geval illustreer hoe redelikheds- en billikheidsoorwegings soms deur Nederlandse howe gebruik word om die rigiede voorskrifte van die BW te temper.

³⁷ Van Dijk *Strafrechtelijke Aansprakelijkheid* 239 toon dat die Amerikaanse Model Penal Code bepaal dat “[a] person acts negligently with respect to a result when he should be aware of a substantial and unjustifiable risk that he will cause such a result”. Die feite van *Casey NO v The Master* 1992 4 SA 505 (N), waarin die hof ook die nalatige bloedige hand van erfopvolging uitgesluit het, val waarskynlik binne die bestek van hierdie definisie. Van Dijk *Strafrechtelijke Aansprakelijkheid* 302 betoog trouens dat dronkenskap – soos in die *Casey*-saak teenwoordig was – nie noodwendig opsetsvorming verhoed nie; dieselfde geld *a fortiori* vir die voorsienbaarheidsoordeel wat ten aansien van nalatigheid gefel moet word.

³⁸ 1992 4 SA 505 (N).

³⁹ Sien 2.

⁴⁰ Sien 3.

⁴¹ Selfs ten opsigte van skenkings bepaal artikel 7:184:1 BW dat 'n skenking vernietigbaar is indien die begiftigde opsetlik 'n misdryf teen die skenker of teen die skenker se naaste betrekkinge gepleeg het.

⁴² Hof Amsterdam (15 Augustus 2002), *Nederlandse Jurisprudentie* 2003, 53.

5 Welke voordele word deur onwaardigheid geraak?

In die Suid-Afrikaanse reg, soos in die Nederlandse reg, tref onwaardigheid in die eerste plek erfopvolgers van 'n oorlede erflater. Erfopvolging is egter nie die enigste regsgevolg wat na aanleiding van 'n persoon se afsterwe intree nie – ander boedelverdelings vind plaas en ander voordele realiseer by afsterwe. Die voor-die-hand-liggende vraag is derhalwe of onwaardigheid soos hierbo uiteengesit ook ander verdelings, eise en voordele wat ten gevolge van afsterwe te berde kom, raak? Die Suid-Afrikaanse en Nederlandse reg worstel ter beantwoording van hierdie vraag met min of meer dieselfde kwessies.

5 1 Verdelings en eise ingevolge die huweliksgoederereg

Vroeëre Suid-Afrikaanse uitsprake dui daarop dat erfregtelike onwaardigheid, by uitstek onwaardigheid ingevolge die *bloedige hand*-reël, nie na die huweliksgoederereg oorgedra kan of moet word nie. In *Ex parte Vonzell*⁴³ het die hof byvoorbeeld argumenteer dat 'n eggenoot tot 'n huwelik binne gemeenskap van goedere se reg op helfte van die bates in die gemeenskaplike boedel reeds by, en as gevolg van, huweliksluiting ontstaan. Die *bloedige hand*-reël kan dus nie dié eggenoot van sodanige reg by huweliksbeëindiging ontnem nie. 'n Soortgelyke benadering is gevolg in *Nell v Nell*.⁴⁴ In *Leeb v Leeb*⁴⁵ het die hof egter tot 'n teenoorgestelde gevolgtrekking gekom.

Die ooreenstemmende Nederlandse regsposisie word ook deur teenstrydige uitsprake gekenmerk. In die sogenaamde *Van Wylick*-saak, wat weliswaar onder die voorskrifte van die vorige BW beslis is, is onwaardigheid wel na die huweliksgoederereg afgewikkel. *In casu* het 'n vermoënde dame van 72-jarige ouderdom in die huwelik getree met haar 38-jarige manlike verpleegkundige versorger wat nie oor noemenswaardige finansiële vermoë beskik het nie. Ongeveer vyf weke na huweliksluiting is die dame deur die man vermoor. Die egpaar het geen huweliksvoorwaardes aangegaan nie en is dientengevolge binne gemeenskap van goedere getroud. Die man is tot twaalf jaar gevangenisstraf gevonniss en kon derhalwe, ooreenkomstig artikel 4:885 BW, vanweë sy erfregtelike onwaardigheid geen voordeel uit die dame se nalatenskap ontvang nie. Die vraag voor die hof was egter of die man kon oorgaan tot verdeling van die ontbonde gemeenskap van goedere? Die Hoge Raad⁴⁶ het by beroep *in cassatie* beslis dat 'n persoon wat opsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het, geen bevoordeling *hoegenaamd* van die slagoffer kan ontvang nie en dat die man *in casu* gevolglik sy aanspraak op helfte van die bates in die gemeenskaplike boedel verloor het. Uit die Hoge Raad se uitspraak blyk dit dat redelikeheids- en billikeheidsoorwegings 'n belangrike rol in dié hof se beredenering gespeel het.

⁴³ 1953 1 SA 122 (C) 126B-E.

⁴⁴ 1976 3 SA 700 (T) 704H-705A. sien ook *Casey NO v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 506A-J.

⁴⁵ 1999 2 All SA 588 (N). Die *Leeb*-saak word hieronder verder bespreek.

⁴⁶ Hoge Raad (7 Desember 1991), *Nederlandse Jurisprudentie* 1991, 593.

Die uitspraak het uiteenlopende reaksie onder kommentatore ontlok. Enersyds het Waaijer⁴⁷ betoog dat die ontstaan van gemeenskap van goedere as gevolg van huweliksluiting geen begunstiging vir die huwelikspartye meebring nie en dat die man *in casu* dus nie as gevolg van die dood van sy vrou 'n huweliksgoedereregtelike voordeel bekom het wat deur onwaardigheid getref kon word nie. Hierbenewens het Waaijer⁴⁸ argumenteer dat 'n hof nie op algemene redelikeids- en billikeidsgronde van die dwingend-wetteregtelike verdeling van 'n gemeenskaplike boedel kan afwyk nie. Hierteenoor het Meijer⁴⁹ aangevoer dat omringende omstandighede daarop gedui het dat die vrou in die *Van Wylick*-saak oënskynlik wel begunstiging van die man deur huweliksluiting bedoel het en dat die man derhalwe wel onwaardig moes wees om sodanige begunstiging in die vorm van helfte van die bates in die gemeenskaplike boedel te ontvang. Meijer⁵⁰ het voorts betoog dat die hof se beroep op redelikeids- en billikeidsoorwegings, gegewe die besondere omstandighede teenwoordig, inderdaad geregverdig was.

Noemenswaardig is dat vry algemeen in Nederlandse regsletteratuur aanvaar word dat die *Van Wylick*-saak 'n hoogs uitsonderlike geval was.⁵¹ Van Mourik⁵² het nietemin dié saak voorgehou as gesag vir die stelling dat, ingevolge die vorige BW, die regsverhouding tussen deelgenote aan gemeenskap van goedere mede-beheers word deur die eise van redelikheid en billikeid. Die nuwe BW maak redelikheid en billikeid uitdruklik van toepassing op die regsverhouding tussen deelgenote aan gemeenskap van goedere. Artikel 3:166:3 BW bepaal dat artikel 6:2 BW (ten opsigte van die verbintenisreg) op die regsbetrekkinge tussen sodanige deelgenote van toepassing is. Laasgenoemde artikel bepaal eerstens dat skuldeisers en skuldenaars verplig is om in hul optrede teenoor mekaar ooreenkomstig die eise van redelikheid en billikeid te handel. Tweedens skryf dié artikel voor dat 'n reël wat ingevolge wetgewing, gewoonte of aangevane regshandeling tussen voorgenoemde partye geld, nie van toepassing is nie indien, in die betrokke omstandighede, dit ooreenkomstig redelikeids- en billikeidsmaatstawwe onaanvaarbaar sou wees. Artikel 6:248:2 BW bepaal voorts dat enige kontraktuele reëling wat tussen partye geld, nie van toepassing is nie indien, in die betrokke omstandighede, dit ooreenkomstig redelikeids- en billikeidsmaatstawwe onaanvaarbaar sou wees.

Nederlandse gewysdes onder die nuwe BW onthul egter steeds botsende uitsprake oor die aangeleentheid – 'n aanduiding van die problematiek ten aansien van die konkretisering van redelikheid en billikeid in 'n gegewe

⁴⁷ JMA Waaijer “Onwaardigheid in het Huwelijksvermogensrecht?” (1989) 5918 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 329-330.

⁴⁸ 330-331.

⁴⁹ WR Meijer “Crime Does Not Pay” (1989) 5926 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 466-467.

⁵⁰ Meijer (1989) *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 468. Sien ook Tempelaar (2010) *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 865.

⁵¹ CA Kraan & QJ Marck *Het Huwelijksvermogensrecht* 5 uitg (2008) 130.

⁵² MJA van Mourik “De Rechtsgevolgen van een Huwelijk gesloten met Innerlijk Voorbehoud” (1999) 6341 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 25-27-28.

situasie. Die Regbank te Utrecht⁵³ moes byvoorbeeld oor die kwessie bereg of onwaardigheid *ipso jure* ook huweliksgoedereregtelike voordele tref in 'n geval waar die huweliksvoorwaardekontrak gesluit tussen die oorledene en sy vrou (wat aan eersgenoemde se moord skuldig bevind en gevonnissen is) 'n bedeling byna soortgelyk aan gemeenskap van goedere bewerkstellig het. Die hof was van mening dat die moord nie tot verlies van huweliksgoedereregtelike voordele sou lei nie indien die egpaar *in casu* inderdaad binne gemeenskap van goedere getroud was. Die hof het derhalwe bevind dat die vrou, niestannde die moord op haar man, nie haar uitgestelde vermoënsreg ingevolge die huweliksvoorwaardekontrak ontsê kon word nie; nog minder kon dié reg aan die hand van redelikeids- en billikeidsoorwegings sonder meer tot niet gemaak word nie.

Hierteenoor moes die Regbank te Breda⁵⁴ 'n oordeel fel ten opsigte van 'n huweliksvoorwaarde wat 'n verrekening soortgelyk aan gemeenskap van goedere bewerkstellig het, op voorwaarde dat die huwelik deur die afsterwe van een van die deelgenote beëindig is en, voorts, dat daar op die oomblik van oorlye geen skeiding van tafel en bed tussen die eggenote bestaan het nie. Die vrou is skuldig bevind en gevonnissen weens moord op haar man. Die hof het geoordeel dat, op die feite voorhande, die vrou inderdaad 'n voordelige belang gehad het by vervulling van die tersaaklike voorwaarde deur die afsterwe van haar man. Sy het sodoende die moontlikheid uitgeskakel dat die huwelik wel in die toekoms deur afsterwe beëindig kon word op 'n tydstip waarop die eggenote inderdaad van tafel en bed geskei was. Met 'n beroep op artikel 6:23:2 BW (wat in noue verband staan met bogenoemde artikel 6:248:2 BW)⁵⁵ het die hof beslis dat die hoë eise wat redelikeid en billikeid aan eggenote ten opsigte van hul vermoënsregtelike betrekkinge stel, meebring dat dit onaanvaarbaar sou wees vir die vrou om op grond van die verrekeningsbeding aanspraak te maak op 'n gedeelte van die man se vermoë terwyl sy 'n hand in sy afsterwe gehad het.

Wat Suid-Afrikaanse regspraak betref, toon die uitspraak in *Leeb v Leeb*⁵⁶ ooreenkomste met die *Van Wylick*-saak en voorgaande uitspraak van die Regbank te Breda. *In casu* is 'n vrou skuldig bevind en gevonnissen weens die moord op haar ietwat ouer man met wie sy binne gemeenskap van goedere getroud was. Na die hof se mening bestaan “goeie redes” op grond waarvan onwaardigheid ook die huweliksgoedereregtelike gevolge wat uit ontbinding van 'n huwelik binne gemeenskap van goedere spruit, kan tref.⁵⁷ Die weselike van die hof se standpunt sien soos volg daaruit:

⁵³ Regbank Utrecht (11 Julie 2007), *LJN* BA9662, <<http://zoeken.rechtspraak.nl/Default.aspx>> (gebruik *LJN*-nommer in die soekveld) (besoek 09-02-2011).

⁵⁴ Regbank Breda (25 November 2009), *LJN* BK4490, <<http://zoeken.rechtspraak.nl/Default.aspx>> (gebruik *LJN*-nommer in die soekveld) (besoek 02-03-2011).

⁵⁵ Art 6:23:2 BW stel:

“Wanneer de partij die bij de vervulling [ingevolge 'n voorwaardelike verbintenis] belang had, deze heeft teweeggebracht, gelde de voorwaarde als niet vervuld, indien redelijkheid en billikeid dit verlangen.”

⁵⁶ 1999 2 All SA 588 (N).

⁵⁷ 595d.

“[I]t is not correct to say that the spouses when contracting a marriage in community of property become entitled as of right and as a matter of law to a division of the joint estate in equal shares on dissolution of the marriage through the death of one of the spouses. A spouse’s ‘entitlement’ to a division of the joint estate in two equal parts on the death of the other spouse, is during the subsistence of the marriage, subject to the uncertain future event that the marriage might not be ended by the death of the other spouse but that it might end in divorce with an order of forfeiture of the benefits of the marriage [ingevolge artikel 9 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979]. If a spouse were to remove that uncertainty by murdering the other spouse he would, in the case where he had not made a contribution or had made the lesser contribution to the joint estate, obtain a benefit from his crime on division of the joint estate in two equal parts. He would not merely obtain an acceleration of the division of the joint estate. He would obtain a division of the joint estate in equal parts whereas but for the murder the marriage would have continued and might have ended in a divorce in which he would have forfeited the benefits of the marriage. His conduct in murdering the other spouse would be the direct and immediate cause of the dissolution of the marriage, a direct result of which would be that there would, unless the law were to step in and deprive him of it, be a division of the joint estate in which he would obtain half of the excess of the deceased spouse’s contribution over his own – which he might not have obtained had there been a divorce... I therefore come to the conclusion that where one of the two spouses to a marriage in community of property, murders the other, the court has the power to order that the spouse who committed the murder, forfeits, by reason of the murder, the benefits of the marriage in community of property.”⁵⁸

Die hof het klaarblyklik ’n egskeiding, waartydens ’n verbeuringsbevel ingevolge die Wet op Egskeiding verleen word, as ’n voorwaarde vir realisering van ’n gade se aanspraak op helfte van die bates in die gemeenskaplike boedel konstrueer; oënskynlik met vergelykbare effek as dié van die huweliksvoorwaarde wat in die uitspraak van die Regbank te Breda voorhande was. Die hof het hierdie konstruksie nie uitdruklik op redelikheid en billikheid gegrond nie, maar die uitspraak laat nietemin die indruk dat die hof gepoog het om die eise van redelikheid, billikheid en die algemene regsgevoel teen wat as ’n onregverdige uitkoms gesien kan word, te bevredig. Die hof het byvoorbeeld die gevolge van die regsposisie soos in *Nell v Nell*⁵⁹ uiteengesit as “verassend” beskryf⁶⁰ en was verder van mening dat, in soverre dit verbeuring van huweliksgoedereregterlike voordele betref, ’n eggenoot wat huweliksbeëindiging deur moord bewerkstellig het nie in ’n “beter” posisie moet wees as ’n eggenoot wat dieselfde resultaat deur egskeiding bereik het nie.⁶¹ Sonnekus se kritiek op dié kwessie in *Danielz NO v De Wet*⁶² toon dan ook heelwat raakpunte met dié van Waaijer ten aansien van die *Van Wylick*-saak:

“Daar moet deurgaans gewaak word dat nie onder die vaandel van die redelikeidsmaatstaf of die maatskaplike orde en -gevoel verval word in arbitrêre aanpassings aan geykte regsbeginsels bloot omdat die toepassing van die bestaande norme in die buitengewone geval skrei teen die ‘regsgevoel’ nie, want dan kom die regsstaat en daarmee die regsekerheid in gedrang... Daar is in die Suid-Afrikaanse reg geen uitgewerkte statutêre algemene beginsel teen die verdeling in stryd met die bepalinge van die tersake huweliksgoedereregterlike bedeling nie. Die onwaardigheidssmet van die erfreg kleur nie ook die reëls van die huweliksreg nie... Niemand se regte behoort hom/haar ontnem

⁵⁸ 598c-j. Hierdie is natuurlik nie ’n nuwe argument nie: sien HR Hahlo “Forfeiture by Murder” (1953) 70 *SALJ* 1 2-3; HR Hahlo “Murder Rewarded” (1976) 93 *SALJ* 376 377.

⁵⁹ 1976 3 SA 700 (T).

⁶⁰ *Leeb v Leeb* 1999 2 All SA 588 (N) 596e.

⁶¹ 595e.

⁶² 2009 6 SA 42 (C).

te word sonder 'n uitgewerkte regsnorm nie. Anders kom dit neer op arbitrêre konfiskering van die bates van die betrokke wat nie in 'n grondwetlike bestel geduld behoort te word nie.⁶³

Ek is nie oortuig dat 'n vrees vir vermenging van erfregtelike en huweliksgoederereg telike reëls noodwendig 'n goeie rede is om onwaardigheid uit laasgenoemde regsgebied te weer nie. Die Suid-Afrikaanse regsgeeskiedenis toon talle voorbeelde van sinvolle regsontwikkeling deur die oordrag van beginsels van een regsgebied na 'n ander.⁶⁴ Sonnekus se standpunt het na my mening wel meriete in soverre dit die afwesigheid van 'n uitgewerkte statutêre beginsel of bepaling as rede vir die ontoepaslikheid van die onwaardigheidsmet binne die kader van die huweliksgoederereg voorhou. Dit is daarom interessant dat die Suid-Afrikaanse Regskommissie (soos dit voorheen was) nie 'n statutêre voorskrif wat die moordenaar van huweliksgoederereg telike bevoordeling uitsluit, aanbeveel het nie.⁶⁵ Die Regskommissie was van mening dat die bestaande regsposisie, naamlik dat voordele ingevolge die huweliksgoederereg nie as gevolg van 'n misdaad verbeur word nie, behou moet word.⁶⁶

In beide die Suid-Afrikaanse en Nederlandse regstelsels is daar egter stemme ten gunste van 'n heroorweging van hierdie posisie met breedweg dieselfde argumente wat vir (en teen) "kruisbestuwing" ten opsigte van onwaardigheid tussen die erfreg en huweliksgoederereg aangevoer word. In albei regstelsels is die rol wat redelikheid en billikheid met betrekking tot die kwessie speel, van belang. Sou hierdie aangeleentheid in die toekoms weer voor die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie of wetgewer ter sprake kom, sal dit raadsaam wees om kennis te neem van die wyse waarop redelikheid en billikheid ten aansien van beide erfregtelike onwaardigheid en die huweliksgoederereg telike verhouding tussen partye in die BW en Nederlandse jurisprudentie beslag gekry het. Enige wetgewende reëling van hierdie kwessie in Suid-Afrikaanse verband sal 'n werkbare balans tussen regsekerheid, enersyds, en die buigbaarheid inherent aan 'n billikheidsoordeel, andersyds, moet handhaaf. Ek stel derhalwe voor dat 'n toevoeging tot die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 oorweeg word wat voortbou op die oorwegings wat tans 'n verbeuringsbevel ingevolge artikel 9(1) van die Wet op Egskeiding onderlê (waaronder tel dat een huweliksparty nie onbehoorlik ten koste van die ander bevoordeel moet word nie). Ek beveel aan, in die lig van die voorskrifte van die BW, dat redelikheid en billikheid uitdruklik as faktor ter oorweging in sodanige bepaling genoem word, maar dat bevrediging van die gemeenskap se vergeldingsgevoel deurdat die dader 'n strafregtelike vonnis opgelê is en daarbenewens ook erfregtelike onwaardig is, verreken moet word wanneer oor onwaardigheid ten aansien van huweliksgoederereg telike voordele beslis word. Uiteraard sal enige sodanige bepaling die toets van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 se beperkingsbepaling

⁶³ Sonnekus (2010) *TSAR* 183-184.

⁶⁴ Die oordrag van beginsels uit die verteenwoordigingsreg na die trustreg in *Doyle v Board of Executors* 1999 2 SA 805 (C) en *Hoosen NNO v Deedat* 1999 4 SA 425 (SCA), asook uit die reg aangaande die beredding van bestorwe boedels na die trustreg in *Gross v Pentz* 1996 4 SA 617 (A) dien as goeie voorbeelde in hierdie verband.

⁶⁵ SA Regskommissie *Hersiening van die Erfreg Projek 22 Verslag* (1991) 86.

⁶⁶ 87.

moet slaag ten einde nie die arbitrêre konfiskering van bates in die hand te werk nie.

5 2 Onderhoudseise

In die Suid-Afrikaanse reg bestaan geen pertinente gesag ten opsigte van die kwessie of 'n afhanklike kind se gemeenregtelike onderhoudseis⁶⁷ of 'n hulpbehoewende langselewende gade se onderhoudseis ingevolge die Wet op Onderhoud van Langselewende Gades 27 van 1990 teen 'n bestorwe boedel deur onwaardigheid, by uitstek ooreenkomstig die *bloedige hand*-reël, kan verval nie. In *Caldwell v Erasmus NO*⁶⁸ het die aansoeker, wat verhoorafwagend was op aanklag van moord op sy minderjarige seun, om betaling gevra uit gelde wat vir die oorlede seun in die Voogdyfonds gehou is. Die aansoeker het aangevoer dat die gelde benodig word vir wat breedweg as onderhoudsverwante uitgawes gesien kan word, onder andere lewensnoodsaaklikhede, onderhoud van sy minderjarige dogter, spesiale voedsel, asook befondsing van die komende strafgeding.⁶⁹ 'n Bevel *nisi* wat aanvanklik ten gunste van betaling gemaak is, is egter op die keurdatum teruggetrek, hoofsaaklik op grond daarvan dat die befondsing wat die aansoeker ten aansien van regshulp versoek het, nie 'n noodsaaklikheid was soos wat ingevolge die wedersydse onderhoudsplig tussen eggenote onderling en tussen ouer en kind vereis word nie.⁷⁰ Die *Caldwell*-gewysde het Corbett et al⁷¹ tot die gevolgtrekking gebring dat dié kwessie, wat die Suid-Afrikaanse reg betref, nog nie finaal uitgemaak is nie.

Wat die ooreenkomstige posisie in die Nederlandse reg betref, bepaal artikel 1:399 BW dat 'n hof die onderhoudsverpligting *inter vivos* kan temper op grond van die gedrag van die onderhoudsafhanklike, tot so 'n mate dat voorsiening van onderhoud op redelikegrondslag nie vereis word nie of nie ten volle vereis word nie. Nederlandse howe het inderdaad in die verlede sodanige bevel gemaak.⁷² Wat onderhoud *mortis causa* betref, maak die BW in Titel 3, Afdeling 2 (*Andere wettelijke rechten*) voorsiening vir sekere eise teen 'n bestorwe boedel wat kennelik 'n onderhoudskarakter toon. Byvoorbeeld, artikel 4:35:1 BW verleen aan 'n minderjarige kind van 'n erflater 'n aanspraak op 'n geldsom uit die erflater se bestorwe boedel “voorzoover nodig voor zijn verzorging en opvoeding”, en voorts aan 'n meerderjarige kind van 'n erflater (welke kind nog nie die ouderdom van 21 jaar bereik het nie) 'n aanspraak op 'n geldsom uit die erflater se bestorwe

⁶⁷ *Carelse v Estate De Vries* 1906 23 SC 532; *Glazer v Glazer NO* 1963 4 SA 694 (A) 706H-707A.

⁶⁸ 1952 4 SA 43 (T).

⁶⁹ 45B en 48F.

⁷⁰ 52G.

⁷¹ Corbett et al *Law of Succession* 84.

⁷² Sien, byvoorbeeld, Hof 's-Hertogenbosch (23 September 1980), *Nederlandse Jurisprudentie* 1981, 324.

boedel “voorzover nodig voor zijn levensonderhoud en studie”.⁷³ Sodanige eis van ’n kind staan bekend as ’n “som ineens” en die “sommegerechtigde” beklee as skuldeiser van die nalatenskap ’n besondere sterk posisie.⁷⁴ Artikel 4:41 BW stel dit dan ook duidelik dat voorgenoemde regte oor dwingendregtelike karakter beskik, ten gevolge waarvan dié regte deur sommige kommentatore as “van ‘legitimare’ aard” beskryf is.⁷⁵ Daar sou dus *simpliciter* geredeneer kon word dat aangesien, soos reeds getoon,⁷⁶ aanspraak op ’n legitieme posisie deur onwaardigheid kan verval, dieselfde vir die ander wettelike regte, by uitstek dié met ’n onderhoudskarakter, moet geld. ’n Kennelik kragtiger argument sou egter daarop berus dat die parlementêre geskiedenis ten opsigte van Boek 4 van die BW⁷⁷ toon dat die vraag uitdruklik te berde gekom het of die bepaling insake onwaardigheid betrekking het op alle gevalle waar ’n reg bestaan op versorging en onderhoud soos bedoel in Titel 3. In antwoord op hierdie vraag is gestel dat artikel 4:3:1 BW ruim geïnterpreteer moet word en dat dié bepaling ook op die ander wettelike regte met ’n versorgingskarakter betrekking het. Die moontlikheid bestaan dus wel dat ’n onwaardige erfgenaam ook sy ander wettelike regte ingevolge, byvoorbeeld, artikel 4:35:1 BW kan verbeur.⁷⁸ Hierbenewens doen Tempelaar⁷⁹ ’n beroep op die redelikheds- en billikheidsoorwegings wat die Hoge Raad in die *Van Wylick*-saak voorop gestel het en waarop ook in die uitsprake ten aansien van die tempering van die onderhoudsverpligting *inter vivos* gesteun is, ter onderskraging van sy standpunt dat onwaardigheid inderdaad die wettelike reg op lewensonderhoud kan tref.

Daar bestaan dus oënskynlik in die Nederlandse reg klarigheid ter beantwoording van die vraag of ’n onderhoudsaanspraak teen ’n bestorwe boedel deur onwaardigheid geraak word. Na my mening moet die kwessie in Suid-Afrikaanse verband aangespreek word aan die hand van die aard van die onderhoudsaansprake wat teen ’n bestorwe boedel bestaan. Dit is egter belangrik om eers daarop te let dat onderhoudseise teen ’n bestorwe boedel in die Suid-Afrikaanse reg, anders as eise ingevolge die huweliksgoederereg, bloot potensiële eise is wat by die onderhoudsafhanklikheid van die eiser asook die vermoë ter onderhoudsverskaffing van die onderhoudspligtige staan

⁷³ Art 4:29 BW verleen voorts aan die eggenoot van ’n erflater ’n vruggebruik ten opsigte van die woning wat die eggenoot met die erflater gedeel het asook ten opsigte van inboedeling, en art 4:30 BW verleen aan sodanige eggenoot ’n vruggebruik op ander goedere vir sover sodanige vruggebruik vir die versorging van die eggenoot nodig is. Hierdie vruggebruike dien onteenseglik ’n onderhoudsoogmerk en word gevolglik as “verzorgingsvruchtgebruiken” bestempel: sien Kolkman et al *Erfrecht Relatiewermogensrecht* 53 en 56. W Kolkman “De Eerste Stappen van de Andere Wettelijke Rechten” (2007) *Fiscaal Tijdschrift Vermogen* 6 7 stel dan ook dat sodanige wettelike regte “resulterende in het bereiking van een ‘passend verzorgingsniveau’, dat te vergelijken is met alimentatie”.

⁷⁴ Sien ook art 4:36 BW. Sien verder Kolkman (2007) *Fiscaal Tijdschrift Vermogen* 7.

⁷⁵ Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Titel 3 afd 2–1. Sien ook JHM ter Haar “De Som Ineens als Versterkte Legitieme Portie” (2009) 6788 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 180.

⁷⁶ Sien 3.

⁷⁷ G van der Burght, EWJ Ebben & MR Kremer *Parlementaire Geschiedenis van het Nieuwe Burgerlijk Wetboek Vaststellingswet Boek 4 Erfrecht* (2002) 92-93.

⁷⁸ Sien ook Perrick *Erfrecht en Schenking* 17.

⁷⁹ Tempelaar (2010) *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 865.

of val.⁸⁰ Wat die aard van die onderhoudseis van 'n afhanklike kind betref, is in *In re Estate Visser*⁸¹ bevestig dat sodanige eis op aanspreeklikheid *ex pietate, ex aequitate* of *jure naturali* gegrond is en dat onderhoud dus as 'n skuldvordering *sui generis* beskou moet word. Die hof het ook bevestig dat dié onderhoudseis nie uit die legitieme porsie gespruit het nie; derhalwe het dit ná afskaffing van die *legitim* onaangetas voortbestaan.

Dit is duidelik dat die *simpliciter*-argument wat in die Nederlandse reg voorgehou sou kon word ten aansien van die verval van 'n afhanklike kind se onderhoudseis weens onwaardigheid omdat dié eis van "legitimaaire aard" is, nie in die Suid-Afrikaanse reg steek hou nie. Die hof in *In re Estate Visser*⁸² het egter voorts bevestig dat 'n definitiewe diskresie by die beoordeling van 'n afhanklike kind se onderhoudseise ter sprake is en, sou 'n hof oor sodanige eis moet beslis, dat elke geval op eie meriete beoordeel moet word.

'n Soortgelyke diskresie geld uiteraard ten opsigte van 'n afhanklike langsliewende gade se eis om onderhoud ingevolge die Wet op Onderhoud van Langsliewende Gades. Corbett et al stel die kwessie uitdruklik aan die orde wanneer hulle ten opsigte van die faktore gelys in artikel 3 van die Wet ter bepaling van 'n gade se onderhoudsafhanklikheid verklaar:

"One factor that, according to the Law Commission,⁸³ should not be taken into account in the determination of the reasonable maintenance needs under s 3 of the Act, is the conduct of the surviving spouse during the marriage. While it is true that the issue is whether the surviving spouse is in need of maintenance and not whether such spouse has a right to a share in the estate, it is at least arguable that it could not have been intended that misconduct would never be relevant, for example, would a spouse who murdered the deceased spouse have a claim for maintenance?"⁸⁴

Die skrywers⁸⁵ vervolg dat openbare beleid 'n bepalende rol in die aanspreek van hierdie kwessie behoort te speel, maar gee toe dat beleidsoorwegings nie noodwendig 'n bevredigende uitkoms sal verseker nie. Byvoorbeeld, dit is, enersyds, onaanvaarbaar dat 'n onderhoudsafhanklike moordenaar langs die weg van 'n suksesvolle onderhoudseis teen die slagoffer se bestorwe boedel voordeel uit eie onregmatige gedrag trek, maar, andersyds, kan argumenteer word dat openbare beleid vereis dat 'n behoefte persoon onderhoud behoort te ontvang indien sodanige onderhoud beskikbaar is ten einde te verhoed dat so 'n persoon se onderhoudsafhanklikheid op die gemeenskap of die staat afgewentel word.

Corbett et al se standpunt bevestig die mening in *In re Estate Visser* dat elke geval op eie meriete beoordeel moet word. Dié standpunt strook ook met die klaarblykbare uitgangspunt in die Nederlandse reg dat redelike- en billikeoorwegings in 'n bepaalde geval 'n beslissing dat onwaardigheid ook

⁸⁰ Sien, byvoorbeeld, Cameron et al *Law of Succession* 41 wat na die onderhoudseise van 'n afhanklike kind en 'n orlewende gade verwys as "potential charges on a deceased estate". Sien ook *Oshry NNO v Feldman* 2010 6 SA 19 (SCA) 26A ten opsigte van die voorwaardelikheid van 'n langsliewende gade se statutêre onderhoudseis.

⁸¹ 1948 3 SA 1129 (C) 1133-1135.

⁸² 1136.

⁸³ SA Regskommissie *Review of the Law of Succession: The Introduction of a Legitimate Portion or the Granting of a Right to Maintenance to the Surviving Spouse Projek 22* (1987).

⁸⁴ Corbett et al *Law of Succession* 45.

⁸⁵ 45 vn 101.

'n eis met onderhoudskarakter kan tref, sou kon regverdig. Sodanige standpunt word verder onderskraag deur die oorweging dat onderhoudseise in die Suid-Afrikaanse reg wesenlik op redelikheid, billikheid en geregtigheid geskoei is. Ek is derhalwe van mening dat, ondanks die verskille wat ten opsigte van die aard van onderhoudsaansprake *mortis causa* tussen die Suid-Afrikaanse en Nederlandse reg mag bestaan, die Nederlandse regsposisie ten aansien van die kwessie rigtingwysend vir toekomstige regsontwikkeling in die Suid-Afrikaanse reg kan wees. Veral die redelikheds- en billikheidsoorwegings waarop geredelik in die Nederlandse reg staatgemaak word ter ontseggings van onderhoudsaansprake, kan ook in Suid-Afrikaanse verband 'n beduidende rol speel ter verskaffing van 'n positiewe antwoord op die vraag of 'n onwaardige erfgenaam, wat ook onderhoudsafhanklik is, sy onderhoudseise teen die oorlede erflater se bestorwe boedel vanweë onwaardigheid kwyt sal wees.

5 3 Ander voordele

Suid-Afrikaanse howe het in die verlede onwaardigheid uitgebrei om ook bevoordeeldes te tref wat aanspraak gemaak het op voordele wat ten gevolge van afsterwe realiseer het, welke voordele nie noodwendig langs die weg van bereddering van die bestorwe boedel uitbetaal word nie. In *Makhanya v Minister of Finance*⁸⁶ het die hof beslis dat 'n man se moordenaars-vrou ooreenkomstig *de bloedige hand*-reël nie op sy statutêre pensioenvoordele aanspraak kon maak nie. Die hof het soos volg redeneer:

“The rule is one of public policy that precludes a person who has unlawfully killed another from acquiring a benefit in consequence of the killing, and I can think of no cogent reason why this should be limited to benefits accruing directly from the estate of the victim ... In the present circumstances, where it is common cause that the third respondent murdered the deceased, I am of the view that principle and public policy require that the rule be extended to cover any benefits accruing to the third respondent in consequence of the deceased's death, including his pension benefits.”⁸⁷

In *Danielz NO v De Wet*⁸⁸ het die hof te kampe gehad met 'n aanranding wat, alhoewel oënskynlik nie so beplan nie, tot die dood van die oorledene gelei het. Op die vraag of die eerste respondent, die oorledene se vrou wat die aanrandingsplan saam met 'n medepligtige gesmee het, geregtig was op uitbetaling van vier lewensversekeringspolisse wat die oorledene vroeër uitgeneem het en ingevolge waarvan die vrou die enigste genomineerde begunstigde was, het die hof 'n negatiewe antwoord verskaf. Die hof was eensydig van mening dat die versekeringsregtelike beginsel wat verhoed dat die sogenaamde “helpende hand”, wat tot materialisering van die tersaaklike risiko bygedra het, 'n vordering teen die versekeraar verkry, in die weg van uitbetaling van die polisse staan.⁸⁹ Andersydig het die hof geoordeel dat geen

⁸⁶ 2001 2 SA 1251 (D).

⁸⁷ 1254D-H.

⁸⁸ 2009 6 SA 42 (C).

⁸⁹ 47H. Sien Sonnekus (2010) *TSAR* 178-179 vir kritiek teen die hof se toepassing van hierdie versekeringsregtelike beginsel.

persoon uit eie misdadige gedrag voordeel mag trek nie, welke beginsel geredelik oor die boeg van openbare beleid gegooi word.⁹⁰

Wat die Nederlandse reg betref, bevat die BW enkele bepalinge wat soortgelyke gevolge as bogenoemde Suid-Afrikaanse gewysdes meebring. So bepaal artikel 7:973 BW byvoorbeeld ten opsigte van sogenaamde *sommenverzekering* (“benefit insurance”):

“Aan de overeenkomst kunnen geen rechten worden ontleend door degenen die onherroepelijk veroordeeld is ter zake dat hij de verwezenlijking van het risico opzettelijk teweeg heeft gebracht of daaraan opzettelijk meegewerkt heeft.”

Die jongste aanlyn-weergawe van die sogenaamde *Kluwer Groene Serie*⁹¹ verklaar by wyse van kommentaar op artikel 7:973 BW dat dié artikel hoofsaaklik op die onwaardigheid van die begunstigde gemik is. Dit is egter ironies dat die daaropvolgende paragraaf twee, wat op lewensverzekering betrekking het, geen ooreenstemmende bepaling bevat nie! Nietemin blyk dit uit bogenoemde *Kluwer Groene Serie*-kommentaar dat die polisvoorwaardes in die meeste Nederlandse versekeringskontrakte die reëling bevat dat, sou die versekerde deur ’n begunstigde ingevolge die versekeringskontrak om die lewe gebring word, geen uitkering ingevolge die kontrak sal plaasvind nie. Dit blyk derhalwe, ten spyte van kritiek wat teen die hof se toepassing van versekeringsregtelike beginsels binne die kader van onwaardigheid in die *Danielz*-saak geopper kan word, dat die Suid-Afrikaanse reg goed met die Nederlandse reg bely is ten aansien van die uitkomst waartoe in die *Makhanya*- en *Danielz*-sake gekom is.

6 Opheffing van onwaardigheid deur vergifnis

’n Kwessie wat spesifiek ten aansien van artikel 4:3:3 BW te berde kom, is wat die wetgewer met ondubbelsinnige vergifnis bedag het en hoe sodanige vergifnis bewys word? Die problematiek in hierdie verband verdiep omrede vry algemeen in die Nederlandse reg aanvaar word dat sodanige vergifnis in beginsel vorm- of formaliteitsvry kan geskied.⁹² Nietemin dui die oorwig van gesag daarop dat dit raadsaam vir notaris is om hul kliënte van die raad te bedien om uitdruklik testamentêre voorsiening in hierdie verband te maak.⁹³

⁹⁰ *Danielz NO v De Wet* 2009 6 SA 42 (C) 47J-48A en 49I-50A. Die hof het hierdie beginsel ook as behorende tot die versekeringsreg aangemerkt, maar, soos Sonnekus (2010) *TSAR* 179 tereg toon, is dit eerder ’n algemene beginsel wat nie uitsluitlik tot die kader van die versekeringsreg behoort nie. Sien dus Sonnekus (2010) *TSAR* 179-180 vir kritiek teen die hof se toepassing van hierdie beginsel aan die hand van die versekeringsregtelike gesag deur die hof voorgelê. Sien verder die besprekings deur MC Wood-Bodley “Forfeiture by a Beneficiary who Conspires to Assault with Intent to do Grievous Bodily Harm: *Danielz NO v De Wet* 2009 (6) SA 42 (C)” (2010) 127 *SALJ* 30; MC Wood-Bodley “Life Policies and Marriages in Community of Property – Who Owns the Proceeds of the Policy on the Insured’s Death?” (2010) 127 *SALJ* 224.

⁹¹ P Clausing “Onwaardigheid” (01-08-2008) *Groene Serie Bijzondere Overeenkomsten* <<http://www.kluwer.nl/el3/application-context/SOO/index.jsp?gc=WKNL-KL-PNP-SOO-GC-MAIN&sc=WKNL-KL-PNP-SOO-MAIN&toCID=PUMA/id-8eefcfd5990e441f0fb6f3fad709e21&toctype=INHOUD&productId=WKNL-KL-PCK-SOO-10091529>> (besoek 01-02-2011).

⁹² Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Art 3–13.

⁹³ WD Kolkman & LCA Verstappen (reds) *Handboek Boedelafwikkeling 09/10: Deel 1* (2009) 65. Sien ook Blokland “Een Evaluatie van het Versterferrecht” in *Nieuw Erfrecht in de Praktijk* 25.

Hoe egter gemaak indien geen uitdruklike testamentêre aanduiding ten aansien van vergifnis (al dan nie) voorkom nie? Die parlementêre geskiedenis ten opsigte van Boek 4 van die BW stel dit duidelik dat, waar ’n testamentêre beskikking onwaardigheid vooraf gaan, die daaropvolgende onwaardigheid nie deur vergifnis opgehef word bloot omrede die testateur ná intrede van onwaardigheid nie die betrokke bevoordeling herroep het nie.⁹⁴ Volgens Blokland⁹⁵ sou ’n vader se nalate om sy erfregtelik-onwaardige seun, wat ’n onsuksesvolle aanslag op die vader se lewe gedoen het, te onterf, eweneens nie op vergifnis dui nie. Van Mourik et al⁹⁶ verskaf ten aansien van vergifnis wat nie testamentêr vasgelê word nie die voorbeeld van ’n toekomstige erflater wat ’n skenking by wyse van notariële akte aan die onwaardige persoon maak op ’n tydstop toe sodanige erflater van die “sonde” van die begiftigde of toekomstige erfopvolger bewus was – ondubbelsinnige vergifnis ten aansien van latere erfregtelike bevoordeling sou geredelik uit die maak van die skenking afgelei kon word. Blokland⁹⁷ waarsku egter dat die regsverkeer slegs kan baat indien regsgevolge geheg word aan faktore wat objektief bepaal kan word.

Wat Nederlandse regspraak betref, kan een interessante geval as voorbeeld dien. In ’n uitspraak van die Regbank te Rotterdam⁹⁸ is die kwessie geopper of ’n man, wat deur sy vrou met ’n kombuismes aangeval is (waarna sy aan poging tot moord skuldig bevind en tot gevangenisstraf gevonniss is), inderdaad, vir doeleindes van erfregtelike bevoordeling, sy vrou vergewe het deur nie na voorgenoemde gebeure van haar te skei nie. Die hof het bevind dat die vrou se onwaardigheid inderdaad deur die man se vergifnis opgehef is. Die hof het daarop gesteun dat die man volgens eie getuienis homself medeverantwoordelik vir die mesaanval gevoel het, dat die man tydens sy vrou se strafsak uitdruklik aan die hof gemeld het dat hy met sy vrou wil herenig, dat die man sy vrou in die gevangenis besoek het en dat die man en sy vrou as egpaar saamgewoon het na haar vrylating uit die gevangenis tot en met die man se afsterwe ongeveer vyf jaar later. By hoër beroep⁹⁹ is die uitspraak bekragtig. Die hof was naamlik van mening dat, gegewe beide die man en vrou se uitgesproke wens om te herenig, aan die hand van objektiewe feite – soos dié deur die Regbank te Rotterdam in ag geneem – vasgestel kon word dat die man wel sy vrou op ondubbelsinnige wyse vergeef het en dat haar erfregtelike onwaardigheid gevolglik opgehef is.

Oplaas het Blokland¹⁰⁰ aan die hand gedoen dat die Nederlandse wetgewer, ten einde die regsekonomie in moontlik twyfelagtige gevalle soos voorgenoemde ter wille te wees, ’n bepaling moet oorweeg dat die opheffing van onwaardigheid deur vergifnis alleenlik deur uitdruklike testamentêre

⁹⁴ Van der Burght et al *Parlementaire Geschiedenis Boek 4 Erfrecht* 90-91; Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 30.

⁹⁵ Blokland “Een Evaluatie van het Versterferrecht” in *Nieuw Erfrecht in de Praktijk* 21.

⁹⁶ Van Mourik et al *Nieuw Erfrecht* 216.

⁹⁷ Blokland “Een Evaluatie van het Versterferrecht” in *Nieuw Erfrecht in de Praktijk* 24.

⁹⁸ Regbank Rotterdam (14 Desember 2005), *LJN* BC8872, *Rechtspraak Notariaat* (RN 2006, 10) 41-45.

⁹⁹ Hof ’s-Gravenhage (14 Februarie 2007), *LJN* BA1939 <<http://zoeken.rechtspraak.nl/Default.aspx>> (gebruik *LJN*-nommer in die soekveld) (besoek 24-01-2011).

¹⁰⁰ Blokland “Een Evaluatie van het Versterferrecht” in *Nieuw Erfrecht in de Praktijk* 25.

bepaling plaas kan vind. Die *Commissie Erfrecht*¹⁰¹ het egter aanbeveel dat 'n uitdruklike wetgewende voorskrif te dien effek nie gewens is nie en dat die interpretasie van die ondubbelsinnige vergifnis-begrip asook die wyse waarop sodanige vergifnis tot uiting kan kom, aan die howe oorgelaat moet word. Dit blyk derhalwe dat Nederlandse howe die kwessie op 'n saak-tot-saak grondslag sal moet hanteer ten einde in elke besondere geval te bepaal of daar wel, objektief gesproke, van ondubbelsinnige vergifnis, wat tot opheffing van onwaardigheid lei, sprake is.

Gemeenregtelike gesag dui daarop dat 'n Suid-Afrikaanse erflater se vergifnis nie onwaardigheid aan die kant van 'n erfopvolger ophef nie. In *Leeb v Leeb* het die hof dit met verwysing na *Voet*¹⁰² soos volg gestel:

“It is not the wish of the testator but the law itself which brings about ademption of bequests and declares the author of the killing to be unworthy; nor do things cease to have been obtained by crime because the testator did nothing at all to revoke the gift of them.”¹⁰³

Alhoewel die vergifnisbepaling in die BW op lofwaardige grondslag mag berus,¹⁰⁴ is ek van mening dat, behoudens wat hieronder ten opsigte van genadedood gesê word,¹⁰⁵ die Suid-Afrikaanse reg nie 'n soortgelyke reëling as algemene regsbeginnsel moet erken nie. Die regsekerheid wat prysgegee word indien die bestaan al dan nie van erfregtelike onwaardigheid van die subjektiewe oortuiging of versugting van 'n erflater afhang, is na my mening 'n té hoë prys om te betaal ter wille van die enkele uitsonderlike gevalle waarin sodanige vergifnis wel ter sprake mag kom. Die bewysprobleme wat 'n vergifnisreëling tot gevolg kan hê, veral indien vergifnis soos in die Nederlandse reg ook anders dan by wyse van uitdruklike testamentêre bepaling kan geskied, kan ook dermate uitdagend wees dat die vraag met reg gestel kan word of 'n vergifnisreëling werklik op praktiese vlak die resorde ter wille is? Daar kan uiteraard argumenteer word dat 'n vergifnisreëling juis litigasie ten aansien van onwaardigheid kan voorkom en derhalwe op so 'n wyse die regspleging sal dien. Die Nederlandse regsposisie wys egter dat 'n vergifnisbepaling soos ingevolge die BW geld, nie die moontlikheid van litigasie geheel en al uitsluit nie, en dat omstrede gevalle steeds, met gepaardgaande bewysprobleme, deur die howe aangespreek moet word. Ek glo derhalwe nie dat so 'n reëling, as algemene maatreël, 'n gewenste toevoeging tot die Suid-Afrikaanse erfreg sal wees nie.

7 Genadedood

Genadedood is in omskrewe gevalle toelaatbaar ingevolge die Nederlandse reg ooreenkomstig die bepalings van die Wet toetsing Levensbeëindiging op Verzoek en Hulp bij Zelfdoding 12 van 2001. Die Wet geld slegs ten

¹⁰¹ FWJM Schols, P Blokland, WD Kolkman, RL Albers-Dingemans & TJ Mellema-Kranenburg “Concept-Eindverslag Commissie Erfrecht KNB inzake Boek 4 BW (1)” (2010) 6866 *Weekblad voor Privaatrecht, Notariaat en Registratie* 879 880-881.

¹⁰² Voet 34 9 6.

¹⁰³ *Leeb v Leeb* 1999 2 All SA 588 (N) 592f.

¹⁰⁴ Van Mourik et al *Nieuw Erfrecht* 27 beskryf die vergifnisbepaling in die BW as 'n “christelik geïnspireerde regel”.

¹⁰⁵ Sien 7.

opsigte van aktiewe genadedood, met ander woorde wanneer, byvoorbeeld, 'n geneesheer 'n lewensbeëindigende handeling verrig of hulp by selfdoding verleen op uitdruklike versoek van die persoon wie se wens dit is om sy lewe te beëindig. Sodanige genadedood is, algemeen gesproke, nie ingevolge die Nederlandse reg strafbaar nie, mits sodanige geneesheer voldoen het aan die sorgvuldigheidsvereistes waarna verwys word in artikel 293:2 Sr, welke vereistes uiteengesit word in artikel 2 van die Wet toetsing Levensbeëindiging op Verzoek en Hulp bij Zelfdoding. Sou 'n geneesheer buite die sorgvuldigheidsvereistes opgetree het, sou hy skuldig bevind en gevonnissen kon word aan die misdryf in artikel 293:1 Sr bepaal – die opsetlike neem van 'n ander se lewe.

Indien die geneesheer in bogenoemde scenario (behoudens natuurlik die bepaling in artikel 4:59 BW ten aansien van uitgeslote persone)¹⁰⁶ 'n erfregtelike bevoorrede is van die persoon op wie hy genadedood toegedien het, sal sy erfregtelike onwaardigheid al dan nie van die situasie voorhande afhang. Breedweg word 'n drie-ledige onderskeid in hierdie verband getref. Eerstens, waar die geneesheer buite die sorgvuldigheidsvereistes gehandel het en hy ingevolge artikel 293:1 Sr gestraf is, sal die geneesheer uiteraard onwaardig wees om van die erflater te erf.¹⁰⁷ Tweedens, waar die geneesheer binne die sorgvuldigheidsvereistes gehandel het en sy daad ooreenkomstig artikel 293:2 Sr nie strafbaar is nie, is daar logieserwys nie van erfregtelike onwaardigheid sprake nie. Derdens, in die geval waar die geneesheer genadedood toegedien het op die uitdruklike versoek van die persoon wie se wens dit was om sy lewe te beëindig, maar buite die sorgvuldigheidsvereistes gehandel het, aanvaar sommige Nederlandse regsrywers dat geredeneer kan word dat die erflater by voorbaat die geneesheer se daad op ondubbelsinnige wyse vergewe het soos in artikel 4:3:3 BW bedag en dat daar gevolglik geen sprake van erfregtelike onwaardigheid aan die kant van die geneesheer is nie.¹⁰⁸

Die Suid-Afrikaanse regsposisie ten opsigte van genadedood kan ten beste as onvoltooid beskryf word. Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het in 1998 'n verslag¹⁰⁹ oor die onderwerp voltooi waarin enkele konsep-wetgewende bepalings oor die aangeleentheid voorgestel is. Die Kommissie se voorstelle is tot op datum van skrywe nooit verder in die wetgewende proses geneem nie. Opmerklik is dat daar in die Verslag geen melding hoegenaamd ten opsigte van die uitwerking van genadedood op erfregtelike onwaardigheid gemaak is nie. In die lig van die Nederlandse ervaring sou dit na my mening raadsaam wees, sou genadedood in die toekoms weer by die Suid-Afrikaanse wetgewer aan die bod kom, om uitdruklike wetgewende reëlins ten aansien van vererwing en erfregtelike onwaardigheid by genadedood of lewensbeëindigende besluite neer te lê.¹¹⁰ 'n Behoorlik-omskrewe vergifnis-en/

¹⁰⁶ Sien 3.

¹⁰⁷ Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Art 3–7.

¹⁰⁸ Van der Burght & Kremer *Erfrecht* Art 3–7; Van der Burght & Ebben *Erfrecht* 30; Perrick *Erfrecht en Schenking* 18.

¹⁰⁹ SA Regskommissie *Euthanasia and the Artificial Preservation of Life Projek 86* (1998).

¹¹⁰ Sien ook JS McLennan “Unworthiness to Inherit, the ‘Bloedige Hand’ Rule and Euthanasia, What to Say in your Will” (1996) 113 *SALJ* 143.

of onwaardigheidsopheffingsbepaling vir hierdie besondere geval sou wenslik wees. 'n Beskouing van die Nederlandse regsposisie in hierdie verband kan van besondere waarde wees ten einde 'n gepaste en volledige wetgewende raamwerk oor die aangeleentheid vir Suid-Afrika daar te stel.

8 Gevolgtrekking

'n Regsvergelykende studie van die Suid-Afrikaanse en Nederlandse reg ten aansien van erfregtelike onwaardigheid verleen insiggewende perspektiewe ten opsigte van kwessies wat in beide regstelsels uitdagings aan die wetgewer, die howe en regsteoretici bied. Enersyds baat die Suid-Afrikaanse erfreg by 'n kritiese beskouing van die Nederlandse regsposisie oor erfregtelike onwaardigheid soos gereguleer ingevolge die BW. Die Nederlandse neiging om in bepaalde gevalle ook huweliksgoedereregtelike verdelings en eise onder onwaardigheid te betrek, asook die Nederlandse standpunt met betrekking tot die verval van eise met 'n onderhoudskarakter teen 'n bestorwe boedel bied heelwat stof tot nadenke in Suid-Afrikaanse verband. Nuutskeppings ten aansien van onwaardigheid in die BW, by uitstek die vergifnisbepaling en die rol daarvan in gevalle van genadedood, kan ook rigtinggewend vir toekomstige regsontwikkeling in Suid-Afrika wees. Aan die ander kant kan die Nederlandse reg ook waardevolle lesse ten opsigte van erfregtelike onwaardigheid by haar Suid-Afrikaanse eweknie leer; veral in soverre die Suid-Afrikaanse reg die aangeleentheid hanteer vry van die beperkinge wat met gekodifiseerde regsreëls saamhang.

SUMMARY

The regulation of unworthiness to inherit in Book 4 of the (new) Dutch Civil Code (2003) occasioned numerous interpretation and application challenges to Dutch courts, notaries and inheritance scholars. These challenges correspond greatly with many of the contentious issues regarding unworthiness to inherit in modern South African law. This article investigates certain aspects of the Dutch legal position with a view to commenting on, and suggesting solutions to, corresponding challenges in the South African context. Issues such as the effect of unworthiness to inherit on matrimonial property claims as well as maintenance claims against a deceased estate, the suitability and appropriateness for South African law of a "forgiveness provision" that eliminates unworthiness similar to the one included in the Book 4 of the Dutch Civil Code and the regulation of unworthiness to inherit in the context of euthanasia are analysed from a legal-comparative standpoint.